



We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Verduidelikende nota in verband met die NML en NML kwytskeldingsproses

Januarie 2019

Die NML het op 1 **Januarie 2019** in werking getree. Die NML is R20 per uur, maar plaaswerkers (insluitend huiswerkers op plase en sekuriteitswagte op plase wie nie in diens van private sekuriteitsfirmas is nie) is 'n spesiale toegewing toegestaan weens die kwesbaarheid van die landbousektor. Volgens die spesiale toegewing verdien **plaaswerkers dan 90% van die NML, oftewel R18 per uur**, wat 'n 9.7% verhoging is teenoor die sektorale minimumloon van R16.25 in 2018. Neem asseblief kennis dat slegs toelaatbare aftrekkings ingevolge die sektorale vasstelling van die NML toegelaat sal word. **Verder sal die sektorale verhogingsdatum van 1 Maart wegval: Daar sal nie verder sektorale minimumloonverhogings wees nie en alle verhogings van die NML sal deur die NML Kommissie bepaal word.**

Die NML wet maak voorsiening vir die volgende veranderinge aan die sektorale vasstelling, sonder dat die sektorale vasstelling wegval. **Dit beteken alle diensvoorwaardes soos in die sektorale vasstelling bepaal, bly in werking:**

1. 'n Minimum werkdag word gespesifiseer. Werkers moet vir 'n minimum van 4 ure vergoed word, ongeag of die volle 4 ure gewerk is.
2. Werkers het die reg om oortredings van die NML wet na die CCMA te verwys (sien die gewysigde CCMA reëls aangeheg).

3. In gevalle waar werkgewers nie die NML kan bekostig nie sal 'n nuwe en vaartbelynde kwytskeldingsproses gevolg word. Werkgewers kan toegang bekom by <https://nmw.labour.gov.za/>. Dit is baie belangrik om kennis te neem dat 'n werkgewer wie se besigheid teen 'n verlies bedryf word, outomaties kwytskelding sal ontvang. Indien die besigheid nie teen 'n verlies bedryf word nie, sal die werkgewer se inkomste voor voorsiening vir waardevermindering en dividende bepaal word. Tweedens sal die werkgewer se opbrengs op bates bepaal word deur die inkomste voor voorsiening vir waardevermindering en dividende deur die laaste twee jaar se totale bates. Indien die opbrengs op bates minder as 6% is, sal die groei of waardevermindering van bates in die laaste twee jaar bepaal word. Indien daar waardevermindering is, sal kwytskelding toegestaan word.
4. Kwytskelding sal toegestaan word tot 90% van die plaaswerker NML van R18 per uur, wat dan R16.20 per uur sal wees.

Stuur gerus enige vrae aan jahni@agrisa.co.za.

Vriendelike groete

Jahni de Villiers

Hoof: MHB, Arbeid en Ontwikkeling

Agri SA